

6 Maart

Skrifgedeelte: Deuteronomium 9:7-18
Fokusgedeelte: Deuteronomium 9:12, 16b

Om weg te draai van die Here se pad af

Die Here het 'n baie besondere pad vir sy volk gebaan, die pad van die verbond. Uit alle volke het Hy Israel uitgekies om sy verbondsvolk te wees. Hy was hulle Verbondsgod en Israel was sy verbondsvolk; Hy was hulle Vader, hulle aanvoerder en hulle was sy kinders, sy volk. Daar het 'n besondere verhouding, 'n unieke verhouding tussen die Here en sy volk bestaan, en in hierdie verhouding het die Here van sy volk nie die onmoontlike gevra nie, slegs geloof en gehoorsaamheid.

Toe Moses op die berg was om die twee plat klippe met die verbondsbepalings uit die hand van die Here te ontvang, het die volk 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf gegiet en dit aanbid. As verbondsvolk van die Here het hulle die knie voor 'n vreemde afgod gebuig. In ongehoorsaamheid het hulle weggedraai van die pad van die Here af (vs 12). Hulle het die pad van God se verbond met hulle verlaat. Toe Moses afkom van die berg en sien wat die volk gedoen het, het hy die twee plat klippe met die wet van die Here stukkend gegooi.

As gelowige is jy God se verbondskind en roep Hy jou op om op sy weg te volhard en nie af te draai op sypaaie nie. Sy verbondseis is vandag nog onveranderd: Hy vra van jou geloof en gehoorsaamheid. Hoe lyk jou lewe? Wees versigtig vir die sonde van eiewilligheid. Onthou, ons Here Jesus was gehoorsaam aan die wil van sy Vader tot die dood aan die kruis.

Sing: Psalm 25:2 (Totius)

Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)